

24 Desember

Lukas 1:26-38

Jesus se geboorte - 'n onmoontlike geboorte

Jesus se menswording is seker een van die grootste wonders in die lewe. Dit is so 'n groot wonder dat Maria by die aanhoor daarvan uitgeroep het: Hoe is so iets moontlik?! Maria is stomgeslaan. Dit kan tog nie wees nie! Sy en Josef is nie getroud nie. En wat meer is, sy is nie 'n meisie met losse sedes nie. Die Here sê self in sy Woord: sy was nog 'n maagd. Die slimste wetenskaplike en beste ginekoloog sal vir jou sê: Hierdie geboorte is menslik onmoontlik. En tog... dit het gebeur. En toe die dae vervul was: so lees ons, het sy haar eersgebore Seun in die wêreld gebring. Hierdie geboorte uit die onmoontlike moet jy nie probeer verstaan nie. Jy moet dit net glo. Glo: Jesus is God. Hy is ontvang van die Heilige Gees. Toe Hy as hulpelose Kindjie styf in doeke toegedraai was, toe Hy hier op aarde rondgeloop het, was Hy steeds God. Mense kon dit sien. Hy het mag oor siektes. Mag oor die dood. Mag oor die duiwel. Mag oor die natuur.

Maar Jesus is ook waarlik Mens. Hy is uit 'n vrou gebore. Soos jy het Hy ook moeg geword. Hy het ook behoefte gehad aan rus. Honger en dors het Hy geken. Hy was ook hartseer en Hy het ook vreugde geken. In benoudheid het Hy ook troos en steun by sy dissipels gesoek. Hy was volkome Mens. Net ... Hy het nie sonde gehad of gedoen nie.

Ons raak so opgewonde oor krietettoetse en menslike uitvindings en ons aanvaar die Menswording van Jesus as iets alledaags. Laat ons weer opgewonde bly wees oor die wonder van Jesus se onmoontlike geboorte. En kom ons wys dit met die wyse waarop ons Kersfees vier.

Sing: Psalm 9:1

Ds. CS. Grobler (Stellenbosch)